

Hoofstuk van die dag: 1 Tessalonisense 5

> *Praat mekaar moed in en versterk mekaar dan met hierdie woorde, soos julle trouens reeds doen. (vers 11)*

Baie gelowiges is bang vir die wederkoms. Mense sê mos jou lewe sal soos ’n rolprent voor jou afspeel, en alles sal dan

uitkom.
Ek moet sê, as dit waar was, sou ek ook bang gewees het. Maar gelukkig is dit nie waar nie! Paulus skryf in vers 9: “God het ons tog nie bestem om gestraf te word nie, maar om deur ons Here Jesus Christus verlos te word. Hy het ter wille van ons gesterwe sodat ons, of ons by sy koms nog lewe of reeds dood is, saam met Hom kan lewe.” Paulus praat hier nie van ’n spesiale groep super-Christene nie, maar van gewone gelowiges. Ons hoef nie die wederkoms te vrees nie, want ons ken tog die Een wat kom, die Here Jesus. Ons ken Hom as ons oudste Broer en Verlosser. Daarom sal die wederkoms en die laaste oordeel nie vir ons ’n vreeslike dag wees, ’n dag van oordeel nie. Christus het klaar ons oordeel gedra op Golgota.
Op ’n ander plek (Rom 8:1) skryf Paulus: “Daar is dus nou geen veroordeling vir dié wat in Christus Jesus is nie.”

Naskrif: Ons gaan DV môre aan met 2 Tessalonisense.



- Tuisblad
- Rubrieke
    - Bybelkarakters
    - Gebede
    - Soos ek dit sien
    - Lees die Bybel saam met my
    - Kortverhale
    - Wag op die Here!
- Preke
    - Video’s en teks van my preke
    - Potgooi van die preke
- Meer oor …
    - Jaco se Bybelkoerant
    - Die Bybelkoerant-konsep

Hoofstuk van die dag: 1 Tessalonisense 4

Dit is die wil van God dat julle heilig moet lewe. (vers 3)

Daar was ’n tyd in die kerk toe mense regtig erns gemaak het met hierdie voorskrif. Heilig beteken opsy gesit en volledig in God se diens. Dis nie net vir die super-Christene bedoel nie; dis ’n leefwyse wat vir elkeen van ons geld. Dié eis kom al van die Ou Testament af (Lev 11:44-45): “Wees heilig, want Ek is heilig,” het God voorgeskryf.

Dis vir my sleg om te beleef dat baie Christene vandag nie meer so ernstig oor dié saak is nie. ’n Mens sien dit in die verbrokkeling van die huwelik, huweliksontrou, en dat mense wat bely dat hulle die Here liefhet, saamleef sonder dat hulle getroud is (vers 7). Daar is gelowiges wat niks daarvan dink om hul mede-gelowige in te loop nie (vers 6). Kerkbesoek is nie meer belangrik nie.

Paulus draai nie doekies om nie. ’n Onheilige lewe kom daarop neer dat jy God verwerp (vers 8). Daarom sê hy twee keer in hierdie hoofstuk vir die Tessalonisense dat hulle hulle nog meer daarop moet toelê om reg te leef (vers 1 en 10); dit moet hulle eer wees.

Absolute toewyding en nougesette volharding – dís wat God van jou verwag.

Hoofstuk van die dag: 1 Tessalonisense 3

> *Dat ons ter wille van ons geloof vervolg sal word, staan vas. Dit weet julle. (vers 3b)*

Teenspoed is nie altyd die gevolg van sonde in jou lewe nie,

al beweer voorspoedsteoloë dit. Teenspoed is soms deel van God se plan met ons. Beproewings maak jou geloof sterk (Jak 1:2-4) en kweek volharding (Rom 5:3-5). Dit maak jou ook sensitief vir ander se probleme (2 Kor 1:6). God gebruik beproewings tot ons beswil (Rom 8:28).

God is nie ’n gelukbringer nie. Hy sal nie alle teenspoed van jou weghou en sorg dat jy voorspoedig is nie. Wat Hy wel belowe, is dat Hy in ons teenspoed en deur ons teenspoed heen met ons besig is en ons beskerm. Daarom moet jy nie dink God het jou vergeet as dit sleg gaan of jy aan ’n vuurproef onderwerp word nie (1 Pet 4:12). Onthou wat Jesus in Matt 5:11 gesê het: “Geseënd is julle wanneer die mense julle ter wille van My beledig en vervolg en valslik al wat sleg is van julle sê.”

Iewers is die duiwel natuurlik ook aan die werk (vers 5). As jy aan God vashou, sal jy ontdek dat Hy jou ook vashou en die vurige brandpyle van Satan (Efes 6:16) sal ombuig, jou ten goede.



- Tuisblad
- Rubrieke
  - Bybelkarakters
  - Gebede
  - Soos ek dit sien
  - Lees die Bybel saam met my
  - Kortverhale
  - Wag op die Here!
- Preke
  - Video’s en teks van my preke
  - Potgooi van die preke
- Meer oor …

Hoofstuk van die dag: 1 Tessalonisense 2

> *Ons prediking berus immers nie op dwaling nie, kom ook nie voort uit onsuiwer beweegredes nie en is sonder enige bybedoelings. (vers 3)*

Paulus verweer hom hier bes moontlik teen beskuldigings van die Jode, naamlik dat hy met onsuiwer motiewe mense gemanipuleer het ter wille van eie gewin; iets wat helaas in die wêreld van destyds redelik algemeen was. Maar dit was allermins Paulus se motief. Hy het nie probeer om mense se goedgesindheid te koop deur die heuningkwas kwistig te gebruik en vir hulle te vertel hoe oulik hulle is wanneer hulle dit nie is nie. Hy het eerder soos ’n pa (vers 11-12) opgetree en sy geloofskinders bemoedig, aangespoor en hulle dit op die hart gedruk om hulle lewe in te rig soos God dit wil hê.
Daar is vandag steeds mense wat met die evangelie smous vir eie verryking. Televangeliste rol in die geld omdat hulle vir mense vertel wat hulle wil hoor, en goedgelowige kykers is maar te gewillig om hulle beursies daarvoor oop te maak.
Die evangelie is egter sonder bybedoelings. Dit is hoe ek en jy ook moet optree: liefdevol en eerlik. Sê wat nodig is, tik

oor die vingers as dit moet, gee die nodige aansporing en motiveer deur jou eie voorbeeld.



Hoofstuk van die dag: 1

Tessalonisense 1

> *Sonder ophou bring ons dan voor God ons Vader in herinnering die werk van julle geloof, die inspanning van julle liefde en die volharding van julle hoop op ons Here Jesus Christus. (vers 2b-3)*

Die gemeente in Tessalonika het vir die hele destydse Griekeland (Masedonië en Agaje) ’n voorbeeld geword (vers 7) van wat ware navolging van Christus is. Paulus som hulle geloof in die bekende drietal begrippe op: geloof, liefde en hoop (vgl onder andere ook 1 Kor 13:13, 1 Tes 5:8 en Kor 1:4-5). Nêrens elders gebruik hy egter dié drie begrippe met ’n werkwoord-omskrywing nie. Hy doen dit om ons te herinner dat die navolging van Christus nie ’n teoretiese saak is nie; dit is werksaam en moet konkreet gestalte kry in ons doen en late. Dit is geloof in aksie, liefde in aksie en hoop in aksie.
Hoop verg volharding, en hulle het nie sit en wag op die wederkoms nie, ten spyte van hulle uitdagende omstandighede (vers 6). Hierdie volhardende hoop is gevul met die inspanning van liefde, deurdat jy met insig God en die naaste dien. Geloof verg dus werk, en daarteen het die jong gemeente nie opgesien nie.
Geloof, liefde en hoop. Dit is die resep vir ’n vrugbare lewe.



Hoofstuk van die dag: 1 Tessalonisense (Inleiding)

Kyk gerus na hierdie video vir ’n goeie opsomming van die brief:

Onlangse Bydraes

- Joh 11: 25,26 JESUS BRING HOOP
- Dina, die meisie wat verkrag is
- Ragel, die vrou wat alles gehad het
- Joh 14:23 Smag jy na God se teenwoordigheid?
- Jakob

Argief

Argief Kies 'n maand ▼

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook
- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026